



KONGRES 2019

Volhoubare Landbou - Produksie

Uitdagings en Geleenthede

18 September 2019

Presidentsrede

Mnr Louis Meintjes
President TLU SA

Die tema vir 2018 se kongres was: Dag Zero vir kos op die tafel.

Vandag, 'n jaar later is dit steeds van toepassing. My standpunt toe was dat ons volhoubaarheid moet najaag as 'n oplossing. Ek het ook gesê dat 'n nuwe landbou-model daargestel moet word. Dit is onaanvaarbaar dat die kommersiële landbouer die volle risiko moet dra vir die insette. Die waardeketting moet besef dat hulle nie kan oorleef sonder die kommersiële landbouer nie. Ek kom later terug na die punt.

Wat was en is steeds van die uitdagings?

- Die ANC is steeds verbind tot sy Nasionaal Demokratiese Rewolusie en voer dit sistematies uit.
- Veiligheidstoestande op plase en groot dele van die land wek steeds ernstige kommer.
- Die ANC stel dit duidelik dat die party se ideologie bo die ekonomie verhef is.
- Vir die ANC is dit belangriker om die party te red as om die land by ekonomiese groei uit te bring
- Die regering kies om onteiening sonder vergoeding (OSV) as die prioriteit uit te lig. Die Presidensiële Advieskomitee het dit weereens bevestig. Die verslag bevestig ook die erns waarmee die ANC hulle strategie uitvoer en ook wie saam met hulle in die bed is. Die voorsitter van die komitee, Dr Vuyokazi (Vuyo) Mahlati, het in haar inleiding van die verslag bevestig dat eienaarskap van grondbesit in Suid-Afrika die SA demografie moet weerspieël.
- President Ramaphosa is as die Ruiters op die Wit perd gesien, wat Suid-Afrika uit ons finansiële politieke moeras sal uitkry. Die realiteit vandag wys ons dat hy dit nie kan doen of sal regkry nie. Hy is deel van die probleem, want hy is soos almal in die ANC, vasgevang in hul ideologie asook die interne verskille tussen die faksies.

Ek het verwys na uitdagings. Die aspekte hierbo genoem is nie uitdagings nie, dit is die probleme. Die uitdaging is om oplossings te kry wat volhoubaar is en verseker dat die kommersiële landbouer volhoubaar kan produseer op die grond wat wettig in besit is.

Die ander vraag is natuurlik of die proses gestop of omgedraai kan word. Ek glo dat daar slegs 'n einde aan die verval kan wees as die ANC nie meer die politieke drywer in Suid-Afrika is nie. Daarom is daar twee fronte waar gewerk moet word, naamlik:

1. Om die ANC se beleid bloot te lê, tot so 'n mate dat die hele wêreld die ANC se beleid sal sien dit wat Suid-Afrika vernietig, maar veral ook om die kiesers van die land sodanig in te lig dat hulle verstaan, dat die alliansie besig is om hulle toekoms van hul te steel.
2. Om 'n parallelle ekonomie te vestig waarbinne ons kan oorleef en floreer.

Die uitdaging is om te oorleef met die probleme as realiteit.

Daar is nog 'n paar ander realiteite of beginsels wat ons as feite kan stel:

- Ons het nie ons grond gesteel nie. Ons het wettige titelaktes wat deur die staat uitgereik is.
- Die landbou waardeketting kan nie oorleef sonder kommersiële landbouers nie
- Bestaansboere gaan nie Suid-Afrika kos gee met 'n verstedelikingskoers van 67% en wat jaarliks met 2,3% groei.
- Grond is nie rykdom nie. Wat jy met die grond maak skep rykdom.
- Alle marknavorsing bevestig dat landbou-grond nie 'n prioriteit vir die mense van Suid-Afrika is nie. Dit is deur die ANC geprioritiseer as die groot saak van die dag. Die werklike vraag na grond is gesetel om die dorpe en stede waar verstedeliking plaasvind.
- Om die Suid-Afrika uit die gemors te kry, moet ons werk skep en ekonomies groei.
- Die ANC het 'n klimaat geskep wat buitelandse beleggings ontmoedig.
- Dit kan nog slegter gaan in Suid Afrika

Voor ons na die oplossing kan kyk moet ek eers 'n oorsig gee van TLU SA se suksesse die afgelope jaar. Saam met 'n bemarkingspan en 'n inbelsentrum wat gevestig is, het ons die volgende reggekry:

Die skep van oplossing en hoop lê in die DOEN

Dit is die aksies, die doen dinge, wat sê daar is 'n organisasie soos TLU SA wat omgee en daar is HOOP

- Ons het TLU SA omskep in 'n nuwe dinamiese organisasie met 'n nuwe logo, webblad en bakkiesblad. Die fokus is in besonder op die sosiale media.
- TLU SA se aktief betalende ondersteuningsbasis het met meer as 1800 gegroei. Ons het dit ook reggekry om onself beter te bemark as die organisasie wat op beginsels gebou is en wat 'n verskil kan maak. Die ondersteuning van ons verbruikers was in besonder baie goed.
- Ons het saam met ander instansies die Akkerland grondeis suksesvol omgedraai.

- Die waardes en beginsels soos vervat in ons Manifest is opnuut uitgedra en word daar al hoe meer ervaar dat rolspelers terugkeer na die gevestigde uitgangspunte waarvoor TLU SA al die jare voor ontstaan.
- Die volgende veldtogte is suksesvol gedryf en het TLU SA op die voorpunt geplaas binne die landbou-omgewing as die organisasie wat staan vir die regte van die kommersiële boer.
 1. **Stop BLF** – meer as 70 000 mense het die veldtog ondersteun
 2. **Ons wil bly** – Jongmense veldtog na aanleiding van Pres Ramaphosa se stelling dat hy ons jongmense aan boere wil vasmaak.
 3. **Konsentrasiekamp Veldtog** – Om TLU SA se rol in die ontwikkeling van landbou te bevestig, in besonder die tydperk na die Anglo-Boereoorlog en die Engelse se Verskroeiende Aarde Beleid.
 4. **SOS Veldtog** – Stuur 'n SOS na die buiteland om die probleem van onteiening sonder vergoeding te beklemtoon
 5. **Rooi Vlag veldtog** – Om die gevolge en impak van OSV onder Suid Afrikaners beter uit te lig en om te dien as ondersteuning vir die SOS veldtog. Daar word in besonder gefokus op Ramaphosa se OSV Komitee se verslag en voorstelle.
Ek moet dit uitlig: Die fokus van die verslag en die voorstelle is nie net vir kommersiële landbougrond nie. Dit is van toepassing op elke grondeienaar in Suid Afrika
 6. **Reg op Lewe Veldtog** – Deur volgehoue kommunikasie en skakeling met buitelandse regerings het die Nederlandse regering 'n resoluëie aangeneem teen OSV. 'n Resoluëie wat handel oor plaasmoorde en plaasaanvalle dien in November in die Nederlandse parlement. Die doel van die veldtog is om ondersteuning te gee sodat die resoluëie deur hulle aanvaar kan word. Daar word ook gewerk om die EU lande en parlement te kry om resoluëies teen OSV en plaasmoorde te aanvaar.
- **Opsommend**
Met die veldtogte en ander wat sal kom, moet ons die ANC Alliansie ontbloot vir wat hy is en wat hy doen - ook wat die gevolge is van sy strategie en N.D.R. TLU SA sal volhou met die aksies.

Ons het ook die uitdaging om nuwe geleenthede te skep vir ons lede en ondersteuners. TLU SA is 'n landbou-organisasie met 'n fokus om rondom ekonomiese beginsels landbou te rig. Dit word werklik ernstig betreur dat ons in Suid-Afrika in die tye energie moet aanwend om 'n uitgediende ideologie, wat vir niemand in die land, behalwe die paar kaders aan die spits van die ANC Alliansie, tot voordeel kan strek nie, te moet beveg. Wanneer die regering in 'n land die grootste bedreiging geraak het vir volhoubare voedselproduksie brand daar groot rooi ligte. Om volhoubaar en veilig te kan boer is elke lid se strewe. TLU SA fokus daarop en dra die ekonomiese beginsels uit en weet dat ongeag die ideologiese aanslag die markkragte uiteindelik sal seëvier.

Die volgende projekte is van belang:

- 1. Kragdag Landbou** – TLU SA is deur HP Steyn van Kragdag genader oor die daarstel van 'n landbouskou. Ons het die geleentheid aangegryp en 'n suksesvolle deelname is gehou oor drie dae met 21 400 besoekers aan Kragdag. Weer het TLU SA 'n verskil gemaak met 'n geleentheid vir nuwe denke, geleenthede en inligting. Dankie vir die harde werk van almal en in besonder HP en sy Kragdagspan.
- 2. Boer Media** – Die organisasie met sy jong dinamiese span vestig 'n digitale TV-kanaal met die leuse: Doen dit in Afrikaans. TLU SA het 'n ooreenkoms met hulle en gaan die landbou afdeling hanteer. Die platform gaan ook nuwe geleenthede skep. Dit is in opvolg van ons vorige aksie Plaas Praatjies. Danksy 'n goedgunstige borg sal die statiese ateljee in TLU SA se hoofkantoor gevestig word.
- 3. Korporatiewe bank** – danksy kundige vriende se hulp is TLU SA in proses om 'n korporatiewe bank te stig. Dit is nodig dat daar ten minste 200 aandeelhouers moet betrokke raak alvorens registrasie kan voortgaan. Die registrasievorms vir diegene wat belangstel is in u kongres leërs en kan u dit by die registrasietoonbank indien u sou belangstel. Dit hou die belofte in dat ons in die toekoms onself beter kan posisioneer t.o.v. finansiële ondersteuning vir ons lede.
- 4. Regsondersteuning vir ons lede** – met groot dankbaarheid teenoor Solidariteit se bydrae beskik ons oor 'n ondersteuningsdiens wat ons vir hierdie jaar bystaan. Lede was ook genooi om regsverwante vrae in te stuur. Daar is reeds gesprekke aan die gang om 'n regsdiens in die toekoms vir spesifieke aspekte beskikbaar te kan hê.
- 5. Die Finansiële Welstandlessenaar** wat gevestig is, help ons lede met kundige raad oor aftrede, boedelbeplanning en opstel van testamente waar daar van die jongste tegnologie en produkte gebruik gemaak word. Die aanslag teen pensioenfondse verg dat elke persoon wat 'n annuïteit het of aan 'n pensioenfonds

behoort om met hul finansiële adviseurs in kontak te kom en seker te maak u eie fondse is veilig. Ons Welstandlessenaar kan u elk hiermee behulpsaam wees. Die Welstandslessenaar het ook deur middel van die LSB Maatskappy, toegang tot feitlik enige onderskrywer en kan lede hul persoonlike voorkeure ook uitoefen in die keuses vir versekering.

Die nuutste toevoeging is kundige hulp vir die opstel van besigheidspanne vir bestaande en nuwe besighede.

- 6. Ons het 'n nuwe Jongboerkomitee** wat dinamies bou aan die toekoms van ons boere en in besonder ons jongboere. Baie sterkte aan die komitee onder lyding van Ferdi Landman.

Sonder om ander bedreigings minder te ag word ses bedreigings vir voedselsekerheid en ons boere se volhoubare produksie uitgesonder:

1. Veiligheid en in besonder die verwagtings wat deur OSV geskep word. Die Veiligheidskomitee is aktief onder die leiding van Henry Geldenhuis
2. Beleidsonsekerheid met Onteining sonder Vergoeding as die beste voorbeeld. Onder leiding van Henk van der Graaf het ons internasionale regskenner wat help met planne en voorbereiding teen die ANC Alliansie wat boere se grond wil steel.
3. Winsgewendheid met spesifieke fokus op ekonomie van skaal. Onder leiding van Gawie Janse van Rensburg word gewerk om te kyk na nuwe modelle vir landbouproduksie tot voordeel van die kommersiële landbouer. Voorstelle wat verwerk word, is risikoverspreiding, modelle vir sindikasie en om die waardeketting deel te maak van die landbouer se risiko. In elke omgewing is die omstandighede verskillend en daarom moet elke lid buite die vierkant dink om planne te maak om ook saam met hul mede-landbouer seker te maak ons behou ons winsgewendheid.
4. Watersake onder leiding van Steven Vermaak staan boere by rakende waterprobleme en 'n dispuut met die Departement van Waterwese wat steeds hangend is. Water gaan 'n toenemend groter uitdaging of selfs bedreiging word, veral onder beheer van 'n onbevoegde regering en departement.
5. Plaaslike regering, wat sy tentakels op landbou inslaan, is 'n verdere bedreiging met subtiel-stygende belastings en toenemende onbekwaamheid. Erika Helm het ingewillig om die leiding vir hierdie kritieke area op te neem, en haar kundigheid en ervaring het al groot verligting vir ons lede en ander landbouers gebring.

6. Die droogte wat landbouers al etlike jare teister is 'n groot bedreiging en uitdaging. TLU SA het binne die vermoë van die Traumafonds mede-landbouers oor die land gehelp. Dit was 'n druppel in die emmer, en baie meer is steeds nodig. Baie dankie aan ons Jongboer Komitee vir hulle inisiatief om deur hulle droëwors- en biltong projek die fondse te versterk. Dankie aan Bertus van der Westhuizen vir sy projek met die Plaashuisregister om landbouers wat van hulle plase af is te help met verblyf.

Die daarstel van die Landbousektor Beleggings (LSB) Maatskappy waarbinne 'n verskeidenheid van projekte van stapel gestuur is ten einde vir ons lede voordele te beding vorder fluks. Buiten die Voorsorgfonds en 'n begrafnisreëling by Grobbelaars vir die landbouer en plaaswerkers is daar verskeie ander projekte wat ondersoek word vir lewensvatbaarheid. Ons kan ook nou aankondig dat die direkteure van LSB binnekort aandele tot beskikking van TLU SA lede gaan stel en dit kan meebring dat broodnodige kapitaal daardeur verkry kan word, maar dit gaan ook vir ons lede mede-eienaarskap gee. Die Dagbestuur het besin dat dit vir ons 'n toekomsideaal is om die beleidsake en posisionering van TLU SA te skei van die besigheidsbeen waar daar projekte geloods word tot voordeel van ons lede. Uiteraard sal die brug tussen die twee bene stewig in stand gehou word.

My boodskap aan die waardeketting en insetverskaffers: U bestaansreg lê in die sukses al dan nie van die kommersiële landbouer. As hulle nie daar is nie gaan u ook nie oorleef nie. Dit is van kritiese belang om die landbouer op sy grond te hou. Soos u kan sien werk TLU SA aan planne. U het ook 'n verantwoordelikheid. Raak betrokke by TLU SA en help ons om volhoubare oplossings te vind vir u eie voortbestaan.

Hierdie was 'n kriptiese opsomming van TLU SA se aksies en planne wat tot voordeel van ons lede daargestel is. Ek glo ook dat dit tot voordeel is van die hele landbouwaardeketting.

Dit is TLU SA se visie en as leiers is ons daartoe verbind om 'n landbou-omgewing te help skep waarbinne ons lede onbevange hul dagtaak kan verrig. Daarvoor het ons mekaar nodig in daad, maar ook in denke om te help planne maak.

Dit is die aksies wat ons hoop gee, maar ek het ook gesê dat die **HOOP** gevestig is in die **DOEN**.

Ons moet saamstaan

Daar word daagliks die vraag gevra of daar HOOP is.

Voor my vandag sit TLU SA en ondersteuners of besoekers wat belangstel in TLU SA. Verskeie aksies en projekte is deur die jaar van stapel gestuur en die sukses daarvan was die lede se deelname.

Hiermee wil ek elke ampsdraer vanaf Boerevereniging vlak, tot op nasionale vlak, bedank vir volgehoue steun, finansiële opofferings, tyd afgestaan en die moeite wat u gedoen het om in u omgewing 'n ambassadeur vir TLU SA en landbou in die algemeen te wees. Ons sê dikwels te min dankie, en hierdie is 'n dankie vir harde werk wat plaasvind sonder dat dit deur die publiek raakgesien word. Ons weet daarvan en ons sê dankie. Elke persoon moet selfondersoek doen of die dankie aan jou onverdiend is. Gaan terug en gaan verdien dit vir die volgende jaar, sodat ons dan kan spog met nog meer vordering en prestasies. Die feit dat ons ondersteuningsbasis groei, toon dat daar waardering en belangstelling vir TLU SA is. Gaan werf lede, hulle is daar maar wil net gevra word. Kom ons maak van TLU SA die onbetwisbare beginselstem vir landbou, en u kan daarmee help. Vir 122 jaar was daar altyd lede wat so in TLU SA geglo het, dat hulle lid geword het en hulle verpligtinge, soms met groot opofferings nagekom het. Kom ons volg trots in die spore van daardie voorgangers.

Elkeen se deelname bring HOOP nie net vir uself nie, maar vir elkeen van ons lede en ook die landbouers van Suid-Afrika. Natuurlik moet ons elkeen deurentyd onself die vraag afvra in hoe 'n mate is ons 'n bouer van ons toekoms. Die krag van kollektiewe vermoë om te kan bou kan nooit onderskat word nie en daarom is deelname so belangrik.

Ek sluit af:

Daniel Webster het gesê:

“Life on a farm is a school of patience; you can't hurry the crops or make an ox in two days. The discovery of agriculture was the first big step toward a civilized life. Let us not forget that the cultivation of the earth is the most important labor of man. When tillage begins, other arts will follow. The farmers, therefore, are the founders of civilization”

My boodskap aan die ANC Alliansie is in die woorde van bekende mense:

“If agriculture goes wrong, nothing else will have a chance to go right in the country.”
(M. S. Swaminathan)

William Jennings Bryan se boodskap in 1896 was:

“Burn down your cities and leave our farms, and your cities will spring up again as if by magic; but destroy our farms and the grass will grow in the streets of every city in the country.”

Ons kan reeds die gras in ons dorpe se strate sien groei.

Dit alles wat ek hier voorgehou het beteken niks sonder geloof en vertrouwe in ons Hemelse Vader.

My gebed van hoop vind ek in Psalm 143:8

“Laat my elke môre u liefde ondervind, want in U stel ek my vertrou. Wys my die pad wat ek moet loop, want my hoop is op U gevestig.”

Mag elkeen van u geseën wees deur ons geloof en vertrou in die Een wat Beskikker is van ons lewe.